Wepener, CJ en Burger, CW
Universiteit van Stellenbosch

# Die lang pad van bekering. Deel 4. Herontdekking en wye belangstelling

ABSTRACT

**The long road of conversion. Part 4. A rediscovery and wide interest**

In the first three articles in this series a diachronic historical overview of the development of the catechumenate has been conducted. In this article it will be shown how the old process of the catechumenate is being rediscovered by churches world-wide and utilised as a process, as well as some comparable developments in the domain of Ritual Studies. A description of what other churches are doing will shed light on how they have answered similar questions to the ones that we are asking in this series, specifically the questions concerning ethics, teaching and mission. Therefor after a very short literature survey an ecumenical survey will be conducted, concluding with suggestions for application in Protestant churches.

## 1. INLEIDING

Die voorafgaande diachronies historiese oorsig verleen insig in die ontwikkeling wat die kategumenaat deur die eeue ondergaan het. In deel 1 het ons enkele redes aangegee waarom die kategumenaat vandag weer opuut in die belangstelling staan. Heelwat hoofstroom kerke het hierdie proses al herontdek en op een of ander wyse aangepas vir hulle bediening. Benewens kerke wat op hulle eie navorsing doen oor die kategumenaat, bestaan daar selfs organisasies wat hulle spesifiek toespits op die onderwerp soos die internasionale Rooms Katolieke “North American Forum on the Catechumenate”, die “Australian Catechumenate Network”, en die ekumeniese “The North American Association for the Catechumenate”[1].

Die hedendaagse herwaardering van hierdie proses hang nie alleen saam met ’n ontdekking van die ritueel-didaktiese skatte wat in die geskiedenis van die Christelike liturgie opgesluit lê nie, maar ook ’n terugkeer na die wyse waarop die Skrif oor hierdie saak praat. Die liturgiegeskiedenis self bied ’n uitdaging aan ons, deurdat skynbaar teenstrydige sake soos lering en liturgie geharmonieër word, en nie noodwendig in die ‘logiese’ volgorde aangebied word as waarin ons dit sou verwag nie[2]. Tog word daar in die Bybel ook op ’n integrerende wyse gepraat oor sake soos leer en lewe en liturgie en lewe, privaat en gemeenskaplik, sakrament en onderrig, ervaring en verstaan, dienslewering en spiritualiteit.

1 http://www.naforum.org/ , http://www.ozcatechumenate.org/ozcatechumenate.php en http://www.catechumenate.org/main.cfm?sid=1

2 Vergelyk byvoorbeeld hoe die lering aangaande die betekenis van die sakrament eers ná deelname daaraan gekommunikeer is.

Die voorafgaande historiese oorsig het heelwat vrae na vore gebring wat in ag geneem moet word. In hierdie artikel word ’n ekumeniese verkenning gedoen aangaande dit wat ander kerke alreeds met betrekking tot ’n herontdekking van die kategumenaat gedoen het, en hoe hulle van die vrae wat hierdie studie oproep alreeds beantwoord het. Die bedoeling hier is om uiteindelik die bevindinge van dele 1, 2 & 3, te same met die bevindinge van hierdie artikel (deel 4), as basis te gebruik vir die formulering van riglyne of roetemerkers vir die ontwerp van ’n kategumenaat-proses vir gebruik in Gereformeerde kerke in Suid-Afrika vandag. ’n Proses wat binne die sogenaamde post-Christendom era ’n waardevolle bydrae kan lewer met betrekking tot lering, evangelisasie en etiese formasie. Soos Senn (1998:4) tereg opmerk, “Because the pressures of our surrounding society are so great, new Christians have to be formed in such a way that they will take seriously the cost of discipleship”.

Daarom vervolgens eerstens ’n kort literatuuroorsig rakende die kategumenaat en daarna sal die pogings wat enkele kerke wêreldwyd alreeds gedoen het verken word, asook vergelykbare ontwikkelinge binne die domein van die “Ritual Studies”. Die artikel sluit met enkele toepassingsmoontlikhede vir die kategumenaat in Protestantse kerke vandag.

## 2. LITERATUUROORSIG

Literatuur aangaande die kategumenaat is oorweldigend. Op die internet is daar ’n hele paar bibliografieë beskikbaar wat spesifiek aan die onderwerp gewei is en poog om uit die oorvloed literatuur ’n goeie seleksie te maak. Die bibliografieë oor die kategumenaat word gewoonlik onder die noemer “Christelike inisiasie” tuisgebring[3]. Sedert die werk van die Liturgiese Beweging in die negentiende en twintigste eeu het daar vanuit liturgiese kring ’n stroom literatuur verskyn. Heelwat van die bronne wat in dele 1 en 2 van hierdie reeks geraadpleeg is, kom vanuit daardie oord. Elke standaardwerk oor (die geskiedenis van die) liturgie gee aandag op ’n mindere of meerdere wyse aan die kategumenaat. Dit sluit ouer werke soos die van Clarke (1932), Dix (1947), Golterman (1951), in, asook nuwer werke soos Jones *et al* (reds.) (1992), Pecklers (2003), Schuman en Oskamp (reds.) (1998), Senn (1997), Webber (1994), Wegman (1991), om maar enkeles uit te sonder. En ’n hele aantal liturgiste se werk gee eksplisiet aandag aan hierdie onderwerp soos Kavanagh (1991), Whitaker (2003) se bronboek, Winkler (1978) en Yarnold (2001). Die kategumenaat was ’n integrale en oorkoepelende element in die liturgie van die eerste eeue, soos wat alreeds hopelik oortuigend aangetoon is. Daar is egter ook heelwat literatuur uit penne van liturgiste soos Lathrop (2001), Moore-Keish (2002), Senn (1998), Webber (2001), wat poog om hierdie liturgiehistoriese insigte bevatlik te maak vir vandag. Benewens die meer liturgies gerigte literatuur is daar ook enkele bronne wat ’n meer missiologiese en evangelisasie invalshoek het. Hier kan mens dink aan die werk van Kreider (1999) en Webber (2001). Dan is daar ook literatuur wat spesifiek aandag gee aan die leringskant van die kategumenaat, soos byvoorbeeld Osmer (1996) of studiestukke soos die van die National Assembly van die Uniting Church in Australia (2003), alhoewel die eties-vormende aspek en die missiologiese kant nooit in hierdie literatuur naatloos geskei word nie. Laastens behoort dit ook genoem te word dat heelwat hoofstroom denominasies hulle eie gepubliseerde reekse het wat gebaseer is op insigte vanuit die kategumenaat en wat meestal al die kante aanspreek (inklusief liturgies, didakties, eties en missiologies)[4].

---

3 Sien onder andere http://liturgy.nd.edu/bibliography/initiation.shtml besoek op 10/07/06 en http://camellia.shc.edu/theology/ChristianInitiation.htm besoek op 10/07/06

4 Sien in hierdie verband gerus die webwerwe van die reeds vermelde organisasies, bogenoemde bibliografieë, maar veral ook die van kerke soos die Evangelical Lutheran Church of America en hulle *Welcome to Christ*-reeks.

Soos die literatuuroorsig tereg aantoon gee kerke wêreldwyd aandag aan die kategumenaat. Vanuit ’n meer evangelikale kant beoog Webber (2001:9) ’n “resurrection of the seeker model of evangelism” wat hy in die kategumenaat van die eerste eeue sien. Met die oog hierop het *Journey to Jesus* uit sy pen verskyn asook gepaardegaande kategese handleidings. In ander hoofstroom Prostestantse kerke soos die Lutherse Kerk het ’n herontdekking van die kategumenaat alreeds die doopliturgieë van hulle diensboeke grondig beïnvloed (Riggs 2002:11-15), en so ook die Anglikaase Kerk. In die mees onlangse liturgiese bron oor die doop van die Evangelies Lutherse Kerk in Amerika is die kategumenaat opgeneem, “suggesting that they are normative for baptismal preparation of adults in that denomination” (Moore-Keish 2004:66). Uitgebreide werk is al deur Lutherse Kerke wêreldwyd op hierdie terrein gedoen. Ook die Presbyterian Church USA (PCUSA) het leemtes raakgesien waar die kategumenaat van waarde kan wees, naamlik “Christians are being inadequately formed by prevailing models of Sunday school and new members-classes alone”. En verder benodig die PCUSA ook vir volwassenes wat oorkom na die Christelike geloof “a thoughtful, intentional process of welcoming them to baptism”[5]. Ook die United Church of Australia is tans besig om aandag te skenk aan hierdie saak. Die eerste herontdekking en grootste gebruikmaking van die proses het, soos verwag kan word, vanuit Rooms Katolieke oord gekom.

Dit sal hier haas onmoontlik wees om al die pogings deur kerke om te reageer op die uitdagings wat Christelike inisiasie bied, te presenteer en daarom word ’n keuse vir vier gemaak, te wete die *Rite for the Christian Initiation of Adults* (RCIA) van die Rooms Katolieke Kerk, die United Church of Australia se werk, Robert Webber se reeds vermelde model, asook die werk van die Reformed Church in America (RCA). John Riggs se dogmatiese opmerkings en riglyne sal daarna kortliks aan bod kom.

### 3.1 RCIA in die Rooms Katolieke Kerk

Rooms Katolieke sendelinge in Afrika het teen die middel van die twintigste eeu begin om die ou proses van die kategumenaat vir hulle konteks aan te pas. Hulle het ’n gestruktureerde proses benodig om volwassenes bekend te stel aan die gebruike van die kerk (Moore-Keish 2004:65)[6]. Bewus van hierdie ontwikkeling het Vatikanum II opdrag gegee om die rite vir Doop te hersien wat uitgeloop het op die sogenaamde RCIA (in 1972 deur Pous Paulus VI aanvaar) wat uit dieselfde vier fases bestaan as die wat in die Patristiek voorgekom het, te wete 1. Ondersoek/Pre-kategumenaat 2. Kategumenaat 3. Reiniging en Verligting/Voorbereiding vir Doop en Doop en 4. Mistagogie of na-Doop kategese (sien Moore-Keish 2004:65, ook Hinchliff 1992:176). Die situasie waarbinne die RCIA ontstaan het, was dus in ’n sekere opsig vergelykbaar met die van die Patristiek, naamlik dat volwassenes wat tot bekering gekom het, ingelyf is in die kerk. Verder wys Pecklers (2003:110) daarop dat Vatikanum II in hul herstelling van die kategumenaat ook die eenheid van die inisiasie sakramente van die Rooms Katolieke Kerk, te wete die inherente samehang van Doop, Bevestiging en Nagmaal, probeer herstel het.

5 Sien http://www.pcusa.org/theologyand worship/whatwedo/catechumenate.htm besoek op 30/11/2004.

6 Daar is ’n oorvloed aan bronne op die internet aangaande die Rooms Katolieke RCIA. Sien onder andere http://members.aol.com/tombecket/ts_rcia.htm besoek op 02/08/05, http://catholicgirl.faithweb.com/rcia_m.htm besoek op 02/08/05 en http://www.udayton.edu~campmin/rcia/becoming-a-catholic.htm besoek op 02/08/05.

Elkeen van hierdie bogenoemde stadia van die RCIA in die Rooms Katolieke Kerk het eie kenmerke. Een gemeente se ervaring gee insig in die aktuele praktyk van die RCIA in gemeentelike lewe vandag.[7] So bestaan die tyd van ondersoek daaruit dat soekers baie en moeilike vrae vra. Terwyl hulle vrae vra word daar benewens antwoorde, Christelike lewens gedeel met die vraagstellers, en kan hierdie vraagstellers hulle eie lewensverhale vergelyk met die van gelowiges (en die evangelie).[8] Wanneer ’n kandidaat van oortuiging is dat hierdie pad van bekering die pad is wat hy/sy graag wil stap, volg die ritueel van aanvaarding (dikwels nadat die kandidaat ’n formele brief geskryf het waarin aangedui word dat hy/sy na die kategumenaat-fase wil beweeg). Gedurende ’n Misviering kry kandidate die teken van die kruis op hulle ore, oë, lippe, harte, skouers, hande en voete. ’n Teken wat beide die vreugde en koste van dissipelskap simboliseer.[9]

In die volgende periode (kategumenaat) volg ’n tyd van ernstige studie waartydens kandidate die Woorddiens op ’n Sondag bywoon en daarna verder op die Skrif reflekteer buite die liturgie. Elke kandidaat het in hierdie periode ook ’n borg wat op verskeie wyses ’n persoon onderskraag. In hierdie fase is dit veral belangrik om oor die kandidaat se lewensgeskiedenis te praat en dit in die lig van die groter geloofsgemeenskap te interpreteer (sien Diocesaan Pastoraal Centrum van het bisdom Rotterdam, 1998:46). Wanneer ’n kandidaat oortuig is dat hy/sy gereed is vir die volgende stap kom die ritueel van verkiesing wat in ’n spesiale diens op die eerste Sondag van Lydenstyd elke jaar plaasvind.

In hierdie derde periode (verligting) word gefokus op gebed en vas en ondergaan hierdie sogenaamde geloofsleerlinge spesiale eksorsismes en ondersoeke. En gedurende die Paaswaak volg die inisiasieritueel (inklusief Doop, Bevestiging en eerste Nagmaal).

In die vierde en laaste periode, die sogenaamde mistagogie, kom die gedooptes weekliks tussen Pase en Pinkster byeen om hulle paaservaring te verken en te bevestig. Teen Pinkster is die RCIA afgehandel, maar was dit in der waarheid maar die eerste tree op die pad van geloof.

In die RCIA word nie gedoopte kanidate in die Rooms Katolieke Kerk opgeneem. Gedoopte lidmate van ander kerke wat wil lidmate word, word nie weer gedoop nie, maar gaan deur ’n proses van boete, geloofsbelydenis, bevestiging en Nagmaal, en die fases van die RCIA kan vir hierdie doeleindes aangepas word.[10]

### 3.2 Uniting Church in Australia

In 2003 het hierdie kerk ’n studiestuk opgestel getiteld “Becoming Disciples” met sewe voorstelle om gemeentes te help met evangeliasie en die formasie van dissipels. Self word hierdie studiestuk en proses wat dit voorstel ook kategumenaat genoem. Hulle oogmerk met die studiestuk is vierledig (Uniting Church in Australia National Assembly. 2003:i), te wete ’n oop en gasvrye ekklesiologie, ’n reis van geloofsontdekking en groei, ’n ontdekking van die betekenis van

7 Sien http://members.aol.com/tombecket/ts_rcia.htm besoek op 02/08/05.

8 Volgens ’n kategumenaat-program wat deur kerke van die bisdom Rotterdam gebruik word, begin hulle met ’n stuk uit Augustinus se Belydenisse getiteld “Veel te laat heb ik U liefgekregen” waarop vrae aan die kandidate volg soos of hulle iets van hulself daarin herken en indien wel wat? Die program gaan verder deur die roepingsverhaal van Samuel (1 Samuel 3) te gebruik, asook verskeie gedigte en foto’s waarin die kandidaat sy/haar lewe kan herken. Sien Bisdom Rotterdam. *Deel 1: Ik geloof & Deel 11: Sacra(mo)menten.* Hier val die klem op die ontmoeting van ander gelowiges en hulle lewensverhale en word die vraag waarom ’n kandidaat nou ’n keuse vir die kerk maak, gevra (sien ook Diocesaan Pastoraal Centrum van het bisdom Rotterdam, 1998:46).

9 Sien http://members.aol.com/tombecket/ts_rcia.htm besoek op 02/08/05.

10 Sien http://catholicgirl.faithweb.com/rcia_m.htm besoek op 02/08/05, asook Diocesaan Pastoraal Centrum van het bisdom Rotterdam (1998:47).

lidmaatskap en laastens die vorming van mense in aktiewe dissipelskap. Die laaste drie oogmerke korelleer presies met Alan Kreider se reeds vermelde (sien deel 1) "belief, behaviour en belonging" waarmee die kategumenaat van die eerste eeue volgens hom gehelp het, met 'n bykomende dimensie vanuit die sogenaamde "missional church"- beweging. Die studiestuk se voorstelle word gesitueer binne die nuwe konteks wat hulle beskryf met die noemers post-Christendom, post-denominasioneel en post-modern, en saam daarmee 'n beskrywing van hoe gebruike in die kerk verander het (o.a. Kindernagmaal en denkwyses oor lidmaatskap).

In die lig van die veranderende konteks en behoeftes word 'n seweledige voorstel aangereik:

1. Dat lidmaatskapkategorieë soos doop-, belydende- en verbandslidmate mee weggedoen word en vervang word met een kategorie – lidmaat, wat alleen gebaseer is op die doop.
2. Dat die sentraliteit van die sakrament van die doop herbevestig word en dat liturgiese alternatiewe op kinderdoop ontwikkel word.
3. Om te probeer verseker dat lidmate van 'n gemeente diegene is wat deelneem en meeleef in die lewe van die gemeente en nie net gewoon lidmaat is op grond van die feit dat hy/sy bevestig is nie.
4. En dat hierdie lidmaatskap gereeld (jaarliks) gevier word met 'n diens soos 'n "Congregational Reaffirmation of Baptism" of 'n verbondsdiens.
5. Dat deelname aan die Nagmaal gegrond word op lidmaatskap wat gegrond is in die doop, maar dat hierdie voorstel met groot pastorale omsigtigheid toegepas word.
6. In die lig van die voorafgaande voorstelle word voorgestel dat die *Becoming Disciples* proses gebruik word in gemeentes. Hulle voorstelle in hierdie verband (Uniting Church in Australia National Assembly. 2003:10&12-19) is basies dieselfde as die van Webber wat hierna volg en ook gegrond in die *Apostoliese Tradisie* van Hippolitus wat volledig in deel 1 bespreek is.
6. 'n Laaste voorstel is dat die vereiste vir lidmate om deel te neem aan die kerkregering gestel word op 'n minimum ouderdom van 16 jaar en 'n minimum lidmaatskapperiode van 6 maande.

Die kategumenaat fases en wyses waarop die proses vir verskillende persone aangepas kan word, sal nie hier bespreek word nie, aangesien dit oorvleuel met die van die ander kerke onder bespreking. Wat hier eerder van belang is, is om in te sien hoe 'n veranderende konteks gevestigde kerke se tradisionele lidmaatskapskategorieë vinnig kan laat dateer, en hoe hierdie kerkregtelike aspekte ook aandag behoort te geniet wanneer 'n proses soos die kategumenaat geïmplementeer word.

### 3.3 Robert Webber se *Journey to Jesus*

Webber (2001) baseer sy werk sterk op Die *Apostoliese Tradisie* van Hippolitus. Hy gebruik dieselfde vier fases en oorgangsrituele (sien deel 1) wat hy aanpas vir 'n samelewing wat hy tipeer as postmodern en post-Konstantyns, met neo-pagaanse waardes en waar die *missio Dei* uitgevoer word deur 'n missionêre kerk. Volgens Webber is daar besonder sterk parallellele tussen die Vroeë Kerk se sendingsituasie en die van die kerk van vandag. Daarom moet die kerk sy wese herdefinieër as 'n gestuurde kerk in 'n vreemde en nuwe wêreld. Of dalk eerder dat die kerk in sy wese en aard self vreemd is aan die wêreld en as vreemdeling en bywoner sy werk op aarde verrig. Só 'n kerk moet evangeliseer met dieselfde teologiese oortuigings as dié van die Vroeë Kerk. Hierdie oortuigings behels die teologie dat Christus die oorwinnaar is (*Christus Victor*), die metafoor van die kerk as moeder (opvoedings- en versorgingskant), insig dat evangelisasie (en bekering) 'n (lang) proses is en laastens ook die kommunikatiewe krag van uitgevoerde simbole (rituele) (sien Webber 2001: 37-42&50-52). Al vier hierdie temas is duidelik te sien in bykans al die historiese beskrywings van die kategumenaat in die eerste vier eeue in die eerste twee dele van

hierdie reeks. Die proses wat hy voorstel met die oog op die aanbidding, evangelisasie en opvoedings-sending van die kerk, kan skematies as volg voorgestel word (sien Webber 2001:26&207)[11], en in dele II tot V van sy boek brei hy in besonderhede uit op elke fase.

| Fases | 1 Soeker | 2 Hoorder | 3 Knieler | 4 Gelowige |
|---|---|---|---|---|
| Geestelike doel | Bekering | Dissipelskap | Vorming | Inkorporasie |
| Oorgangsritueel | Ritueel van bekering | Ritueel van verbond | Doop | Nagmaal |

Webber eindig sy boek met praktiese wenke vir leiers om die proses te implementeer, waarvan die kern is om die proses as oop en soepel te verstaan sodat dit aangepas kan word vir die praktiese omstandighede van elke plaaslike gemeente.

**3.4 Die RCA en die kategumenaat**

Die Reformed Church in America (RCA), die eerste Gereformeerde denominasie in die VSA om die potensiaal van die kategumenaat te verken, gebruik in die eerste instansie die kategumenaat as ’n proses om volwassenes tot geloof te bring en hulle voor te berei vir doop en ’n lewe van dissipelskap. “It is a process of welcoming, nurturing, and supporting those who are new to the Christian faith”. En Meeter (2001:55) noem dit ook ’n liturgiese en sakramentele benadering tot volwasse onderrig wat ontwerp is vir soekers. Die RCA gebruik die proses egter ook vir gedoopte volwassesnes wat ’n herbevestiging van hulle geloof wil doen en gedoopte kinders en jongmense wat hulle eerste belydenis van geloof aflê.[12]

Die hele gemeente is hierby betrokke en die proses sluit een-tot-een mentorskap in, asook kleingroep deelname (in laasgenoemde twee bestaan ruim geleentheid om vrae te stel) en die hele gemeente wat van tyd tot tyd vir die kandidate bid. Die proses self behels deelname aan die aanbidding van die gemeente, bestudering van die Skrif, gebed, Doop na afloop van die Paaswaak op Paassondag en toelating tot die tafel. ’n Integrale deel van die proses in die RCA is dat die borge of mentors na die Doop ’n pad van voortgaande ondersteuning met die nuwe lidmaat stap. Een gemeente se ervaring word op die RCA se webwerf aangehaal wat daarvan getuig die kategumenaat nie alleen geestelike vernuwing vir kandidate bring nie, maar ook vir die betrokke borge en mentors.[13] En Meeter (2001:57-60) se beskrywing van hoe een RCA gemeente die kategumenaat vir eie gebruik herontwerp het, is van waarde vir ons eie konteks.

Die proses soos deur hierdie gemeente gebruik, het vier hoof kenmerke (sien Meeter 2001:57-60):

1. Inisieël kry ’n soeker iemand wat die pad saam met hom/haar stap. In hierdie fase word vrae nie beantwoord nie, maar ’n veilige ruimte geskep waarbinne soekers hulle vrae kan vra en word alle nuwe soekers en hulle mentors met mekaar verbind in ’n weeklikse kleingroep.
2. Tweedens word die proses gekoppel aan die liturgiese kalender, spesifiek Advent tot Pinkster en sodoende ook spesifiek Christosentries aan die heilsgeskiedenis gekoppel.[14]

11 Vir elke fase het hy ook ’n gepaardgaande kategetiese handleiding geskryf. Sien hiervoor die vier volumes getiteld *Follow Me!*, *Be My Disciple!*, *Walk in the Spirit* en *Find Your Gift!*.
12 Sien http://www.rca.org/disciples/catechumenate/origins.html besoek op 02/08/05
13 Sien ibidem
14 In Suid-Afrika val Advent en Epifanie vir baie mense saam met ’n lang somervakansie en kan hierdie situasie praktiese probleme skep met betrekking tot ’n koppeling van die kategumenaat aan hierdie liturgiese seisoene.

3. In die derde plek word elke fase liturgies gemarkeer. Eerstens word daar tydens die erediens op ’n Sondag in die tyd na Epifanie erkenning gegee aan die soekers en hul mentors, daarna bevestig hulle hul begeerte om die pad van Christus te stap, die mentors oorhandig Bybels aan die soekers, die gemeente verwelkom hulle en bid vir hulle, die predikante en ouderlinge seën hulle en die hele ritueel sluit met ’n lied. Hierdie ritueel sluit die eerste fase af. Hierna hervat die normale verloop van die erediens en die soekers en hul mentors kom later die dag saam vir ’n gemeenskaplike ete. In die weke wat volg word gereelde Bybelstudie in hierdie groep gedoen. Hierdie tweede fase sluit wanneer die mentors die kruisteken op die voorhoofde, oë, ore, monde, hande en voete van die soekers op die eerste Sondag in Lydenstyd tydens die erediens maak. Tydens Lydenstyd volg ’n bestudering van die Apostoliese Geloofsbelydenis deur die groep en ander geestelike oefeninge wat pas by Lydenstyd. Die soekers wat verlang om gedoop te word en/of om belydenis van geloof af te lê, vergader ook in hierdie tyd met ’n ouderling. Die derde fase word afgesluit met die doop en belydenisaflegging na die Paaswaak op Paassondag. Hierna volg die laaste fase waartydens die groep sake soos Christelike diensverlening en die indentifisering van geestelike gawes behandel. Die hele proses en hierdie vierde fase word afgesluit op Pinkstersondag tydens die erediens waartydens diegene wat die proses deurloop het ’n openbare verbintenis ten opsigte van ’n spesifieke area van diensverlening maak, en die gemeente reageer hierop met die uitdrukking van dankbaarheid en seën[15].

Hierdie kort kykie na die herontdekking van die kategumenaat vandag is maar die punt van die ysberg. Daar is weinig hoofstroomkerke wat nie op een of ander wyse hieraan aandag gegee het nie, en dit het al weerslag gevind in menige eredienshandboek. Al hierdie pogings en veranderinge het uiteraard nie sonder kritiek geskied nie.

### 3.5 John Riggs se Gereformeerde kritiek/riglyne

John Riggs (2002) het ’n studie gedoen van doop in die Gereformeerde tradisie. Na ’n in diepte historiese eksurs met betrekking tot die teologiese fondamente van die onderwerp (van Zwingli tot Barth) waardeur hy kritiek uitspreek op die wyse waarop (ook Gereformeerde) eredienshandboeke die insigte van die Liturgiese Beweging opneem, som hy sy konklusie in enkele punte op. Hierdie punte is belangrik om hier in ag te neem en kan help as ’n kriterium wanneer die waarde van die kategumenaat vir die Gereformeerde tradisie verken word. So wys Riggs (2002:119-126) daarop dat doop primêr nie inisiasie in die kerk is nie, maar wel die aanbieding van die beloftes van God wat ongeag die liturg en/of die dopeling geldig bly. Inisiasie is altyd sekondêr en geskied slegs van die mens se kant af in soverre iemand die beloftes en gawes van die genadeverbond van God aanvaar. Van God se kant word niemand geïnisieër in die verbond nie, aangesien die verbond die wat ingesluit is alreeds omvat. In die Gereformeerde tradisie het die goddelike aanbod altyd primaat ontvang bo die menslike respons, alhoewel dit in die geskiedenis verskillende aksente ontvang het gegewe die konteks. So byvoorbeeld is God se aanbod veral as primêr geaksentueer in kontekste waar die Gereformeerde stemme die meerderheid was en is kinderdoop onderskryf. In kontekste waar, soos Riggs dit stel, “faithful Christianity seemed to be imperiled” (byvoorbeeld die van Schleiermacher en Barth) was daar groter noodsaak om die toe-eieningskant van die mens te beklemtoon. ’n Voorbeeld hiervan is kontekste waar daar só ’n sterk simbiose van kerk en staat plaasvind dat kinderdoop nie op veel meer as burgerskap neerkom nie en grootdoop in die proses

15 Vir praktiese riglyne en ’n beskrywing van hoe die doop oor die algemeen in Gereformeerde kerke in Noord-Amerika huidiglik gevier word, sien Rice & Huffstutler (2001:61-64).

weer sterker onderskryf is. Beide God se genadeverbond én die mens se respons moet in ’n spanning saamgehou word, maar altyd só dat God se aanbod primêr bly. En ’n belangrike uitvloeisel van die handhawing van presies hierdie hierdie chronologie, naamlik God se genade en daarna mens se respons, is die mens se lewe van dankbaarheid.[16] Sodoende het die doop as sakrament ’n invloed op regenerasie/vernuwing van gedoopte mense deur middel van ’n lewe van dankbaarheid. Hierdie teologiese insigte is waardevol en sal in deel 5 weer opgeneem word.

## 4. PERSPEKTIEWE VANUIT DIE DOMEIN VAN “RITUAL STUDIES”

Die noodaak vir behoorlike prosesse met betrekking tot sake soos inisiasie en lering is nie alleen deur Christelike kerke ingesien nie. Outeurs wat kom uit die veld van die Kulturele Antropologie en sogenaamde domein van die “Ritual Studies” het sedert vroeg in die twintigste eeu ook aan hierdie onderwerp aandag geskenk. Kulturele Antropoloë se werk soos Van Gennep se *Le Rites de Passage* uit 1909 (sien Van Gennep 1996) en iemand soos Victor Turner (1965; 1967, 1969; 1972) se latere verwerking van Van Gennep se insigte het ook die Liturgiese Beweging en hulle bestudering van rituele prosesse soos die kategumenaat beïnvloed. In hierdie werke gaan dit veral oor die insig dat oorgangsrituele uit verskillende belangrike fases bestaan en dat hierdie rituele ’n belangrike rol speel in die lewens van mense om oorgange na verskillende lewensfases te maak.

’n Hedendaagse kenner vanuit die “Ritual Studies”, Ronald Grimes (2000:105), is egter redelik krities ten opsigte van onder andere Van Gennep en Turner se werk rakende oorgangsrituele. Van Gennep se skema is afgelei van manlike inisiasierituele wat dan as prototipe vir alle ander rituele sou dien ten einde die beweging van een sosiale ruimte na ’n ander aan te toon. Van Gennep se skema is egter ingelees in rituele en later afgedruk op ander rituele en het sodoende gedien as ’n formule wat aan groepe voorskryf hoe die aktuele rituele praktyk daar behoort uit te sien[17]. Die gevolg is ’n “how to” handleiding vir rituele. Volgens Grimes is dit ’n totale oorvereenvoudiging en ’n tipiese Westerse manlike denkwyse wat uitgaan van Hegeliaanse dialektiese driespronge (tese, antitese, sintese), en wat uiteindelik hierdie logosentriese gedagtes dan afdruk op rituele tradisies waarbinne hierdie denkwyse nie pas nie. “In short, *invented* patterns, treated as if they were *discovered*, came to be *prescribed* as if they were laws determining how rites should be structured” (Grimes 2000: 107)[18].

Die mees basiese winste vanuit die “Ritual Studies” is eerstens die ernstig neem van die onmiddelike konteks waarbinne ’n ritueel moet funksioneer en tweedens ’n herontdekking dat ritualiteit behoort tot die mees basiese aspekte of grondlae van die mens se lewe of bestaan. Ritualiteit is dus nie alleen belangrik nie, maar integraal vir ’n gesonde en gebalanseerde lewe. Grimes wys daarop dat elke ritueel sterk gebonde is aan sy eie konteks en dat dit daarom noodsaaklik is om rituele gereeld te hersien. Volgens hom (2000:36) moet ons nie die simbole van ander tye en plekke leen nie, maar wel die verbeeldingsmoed van ander.[19] En vandag bestaan daar ’n groot behoefte aan rituele rondom die groot oorgange in die lewensloop van die mens.

---

16 Sien in hierdie verband ook, Gerrish (1992).

17 Grimes neem ook Joseph Campbell se mite van die held waarin hy ’n sogenaamde patroon ontdek het (volgens Grimes waarop Campbell ’n patroon afgedruk het!) van skeiding, inisiasie en terugkeer.

18 Deur middel van komparatiewe verifikasie van verskillende rituele tradisies van reg oor die wêreld kan Grimes tot hierdie konklusies met betrekking tot veralgemenende teorieë kom. Grimes gebruik dan heelwat etnografiese data op ’n komparatiewe wyse om hierdie veralgemenings mee te weerlê en sy agterdog jeens modelle te staaf.

19 Daar is verskye redes (Grimes 2000:18-19) waarom ’n gebeurtenis soos geboorte in die afgelope dekades min aandag geniet, maar die belangrikste is dat ritueel so ’n klein plekkie in ons hedendaagse

Met die oog op hierdie behoefte kyk verskeie outeurs na die onderwerp. Ronald Grimes praat van "re-inventing" en "re-imagining" van rituele rond geboorte en volwassewording, maar ook die huwelik, die dood en ander oorgange soos die wat te make het met versoening, aangesien daar 'n groot behoefte daaraan bestaan in 'n Noord-Amerikaanse kultuur. Ook die Belgiese kultuurfilosoof Jacques De Visscher (1996) verken die algemeen religieuse behoefte van moderne mense binne 'n gesekulariseerde samelewing. "Om de oorspronklijkheid van zijn natuur in het perspectief van zijn te voltooien levenscyclus te beleven, voert hij beschavende handlingen uit, waarvan de rituele de meest authentieke zijn: hij zuivert weg wat verduistert, en beklemtoont en viert wat verheldert en verbind, op die manier tracht hij in de nabijheid van de goddelijke of van het heilige te vertoeven" (De Visscher, 1996:23). En mense het steeds 'n behoefte aan rituele om behoorlik sin te maak van die groot oorgange in die lewensloop van die mens, maar die rituele aanbod van die gevestigde kerk is meestal onvoldoende en hou nie rekening met skuiwe wat plaasgevind het rondom sake soos die ouderdom waarop puberteit en volwassenheid bereik word nie.

In kort: vanuit hierdie meer algemeen godsdienstige kringe wat 'n swaar klem lê op die waarde van rituele begeleiding van lewensfases, kom daar kritiek op die rituele aanbod van gevestigde kerke en 'n ernstige soeke na meer adekwate vorme om te verwelkom, te inisieër en te leer. Hier is dus stemme op die periferie van die kerk wat vra dat aandag geskenk word aan rituele rond geboorte en volwassewording, maar ook self iets daaraan doen soos gesien vanuit die werk van iemand soos Grimes. En van die werk wat hulleself alreeds gedoen het kan ons 'n paar belangrike insigte put, byvoorbeeld dat die moderne mens op soek is na meer adekwate rituele en dat die kerk 'n verantwoordelikheid in hierdie opsig het, dat die eie unieke konteks van elke rituele (tradisie) gerespekteer moet word en laastens is Grimes se kritiek op die antropoloë ewe geldig vir teoloë en liturgiste wat hul eie skemas kan inlees in rituele prosesse, eerder as om dit werklik in die rituele self te ontdek.

## 6. TOEPASSINGSMOONTLIKHEDE IN PROTESTANTSE KERKE

Watter toepassingsmoontlikhede het die kategumenaatsproses in ons eie tyd? As 'n mens kyk na die bestaande literatuur, wil dit lyk of daar ten minste vyf moontlikhede voorgestel word. Van sommige van die opsies is daar reeds goed uitgewerkte voorbeelde beskikbaar; terwyl ander nog net as moontlikhede genoem word.

Die eerste moontlikheid is die gebruik daarvan as 'n evangelisasiemetode vir volwassenes/soekers meer wil weet van die Christelike geloof en deel wil word van die kerk. Daar is 'n hele paar kerke wat die kategumenaat in lyn met sy oorspronklike bedoeling probeer gebruik. Voorbeelde hiervan is die Rooms Katolieke RCIA, ook Webber se werk - eintlik al die modelle wat aan die orde gestel en verduidelik is. In al hierdie pogings word minder of meer kontekstuele aanpassings gemaak maar is die uiteindelike bedoeling om die die oorspronklike intensie van die kategumenaat sover moontlik te honoreer.

---

tegnokratiese wêreldbeeld kry, dat gebeure soos geboorte totaal tegnologies gedomineer word. Ander moontlike redes is dat pasgebore babas in sommige kulture nog nie as volwaardige mense beskou word nie, en dat daar gevolglik ook nie te veel rituele energie op hulle spandeer word nie. En saam hiermee word geboorte tradisioneel as die domein van vroue gesien en gevolglik bloot ritueel afgeskeep. Daar is egter sekere skuiwe te bespeur soos 'n herwaardering van die meer sprituele kant (wat rituele insluit) in die mens se soeke na sin binne 'n hoogs tegnokratiese samelewing, die opkoms van 'n kultuur van menseregte, asook die femisitiese beweging, wat almal moontlik bygedra het dat daar vandag 'n groter aanvraag is vir rituele rond geboorte.

’n Tweede voorstel is dat die kategumenaat in ’n aangepaste vorm gebruik word om gedoopte lidmate wat heeltemal afvallig geword het en wil terug kom kerk toe op hulle pad te begelei. Die meeste van die stappe van byvoorbeeld die Webber of die United Church in Australië se modelle sou net so gevolg kon word met die verskil dat die doop vervang word met ’n doopvernuwingsritueel.

’n Derde manier waarop die kategumenaat gebruik word is vir meelewende lidmate wat behoefte het aan ’n intensifisering of verdieping van hulle geloof het. Weereens kan die hele proses gebruik word – afhangend van die behoeftes van die groep. Die liturgiese en sakramentele dele van die proses kan aangepas word sodat dit paslik en verantwoordelik vir die situasie is.

Daar is ook voorstelle dat die proses in ’n aangepaste vorm gebruik kan word om ’n pad met voornemende doopouers te loop. Net soos by vorige voorstel sal die proses na gelang van behoeftes aangepas kan en moet word.

Laastens is dit sekerlik ook moontlik om die proses in ’n aangepaste vorm te gebruik vir die konfirmasie-proses van kerke wat die kinderdoop handhaaf, maar ’n spesiale proses rondom belydenisaflegging het. Richard Osmer se voorstel in die verband sal in deel 5 verduidelik word.

## 7. TEN SLOTTE

Die voorafgaande artikels behoort stimulasie te bied om soortgelyke ritueel-didaktiese prosesse binne die Suid-Afrikaanse konteks te ontwerp. Soos Ronald Grimes dit stel, om ons rituele verbeelding te stimuleer. Nuwe soortgelyke prosesse kan van waarde wees in ’n land waar daar ’n diskrepansie bestaan tussen geloof (of eerder statistiek daarrondom) en dade, en waar daar in sekere dele al meer ongedoopte volwassenes belangstel in lidmaatskap, gedoopte volwassenes begeer om hulle geloof te herbevestig en die bevesting en belydenis van geloof van kinders op sommige plekke verryk kan word. Dit is in en deur die proses van die kategumenaat dat mense vertrek op die lang pad van bekering[20], die reis waartydens soekers gelowiges as reisgenote ontvang, om later self reisgenote vir ander soekers te word, en om op hierdie pad die ware Reisgenoot al beter te leer ken om so in die woorde van Huub Oosterhuis te kan bely “Nooit meer zonder reisgenoot”.

Hierdie pad en ontmoeting is ’n lang pad vol vreugde en opoffering. Die tradisionele kategumenaat behels ook die sakrament van die Doop, wat beteken dat ’n kandidaat tydens Pase deel in Christus se dood en opstanding. Hierdie sakrament het, soos alle ander liturgiese aksies, etiese implikasies via liturgiese deelname. Die eenmalige deelname aan die doop beteken deelname aan Christus, en deelname aan Christus beteken voortgaande deelname aan die Nagmaal – ’n sakrament waardeur ’n Christen al meer word wat jy alreeds deur jou doop is: ’n geredde sondaar op die lang pad van bekering ... wat dankbaar deelneem aan die liturgie van die lewe.

## BIBLIOGRAFIE

Bisdom Rotterdam. *Deel 1: Ik geloof & Deel 11: Sacra(mo)menten.*

Browning, R.L. en R.A. Reed. 1995. *Models of Confirmation and Baptismal Affirmation. Liturgical and Educational Issues and Designs.* Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

20 Sien ook Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 88 (ook 89 en 90) wat vra “Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?” en waarop geantwoord word “Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens”. En ook die BEM-rapport wat dit stel dat “those baptized are pardoned, cleanesed and sanctified by Christ, and are given as part of their baptismal experience a new ethical orientation under the guidance of the Holy Spirit” en ook later “Baptism is not only a momentory experience, but a life-long growth into Christ” (1982:2).

Danneels, G.C. 2003. “Liturgy Forty Years After the Second Vatican Council: High Point or Recession”. In: Pecklers, K.F. (red.). *Liturgy in a Postmodern World.* Londen/ New York: Continuum.
De Klerk, B.J. 2000. “Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur”. *In die Skriflig.* 34/4, 451-468.
De Visscher, J. 1996. *Een te voltooien leven*. Kapellen: Uitgeverij Pelckmans.
Diocesaan Pastoraal Centrum van het bisdom Rotterdam. 1998. *In het spoor van Jezus. Een kennismaking met het katholieke geloof.* Rotterdam: Diocesaan Pastoraal Centrum.
Gerrish, BA. 1993. *Grace & Gratitude. The Eucharistic Theology of John Calvin.*
Minneapolis: Fortress Press.
Grimes, R.L. 2000. *Deeply Into The Bone. Re-Inventing Rites of Passage.* Berkeley/ Los Angeles/ Londen: University of California Press.
Hinchliff, P (Revised by C. Brock and the editors). 1992. “Initiation: The Modern Period”. In: Jones, C. *et al* (reds.). *The Study of Liturgy.* Revised Edition. Londen: SPCK.
Kreider, A. 1999. *The Change of Conversion and the Origin of Christendom.* Christian Mission and Modern Culture. Harrisburg: Trinity Press International.
Lathrop, G. 2001. “Catechumenate for Adults: Being Formed in the Faith”. *Parish Practice Notebook.* Vol. 62, 1-5.
Meeter, D. 2001. “The Adult Catechumenate: Ons Church’s Experience”. *Reformed Review*. 55/1, 55-62.
Moore-Keish, M. 2004. “The Recovery of the Catechumenate and North American Presbyterianism”. *Call to Worship*. 38/1, 63-71.
Moore-Keish, M. 2002. “Preperation for Baptism: The Catechumenate”. Ideas for church leaders by http://www.pcusa.org/ideas/winter02/bapprep.htm
*Ons Glo... Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse.* 1996. Kaapstad: NGKerk-Uitgewers.
Pecklers, K.F. 2003. *Worship*. Londen/ New York: Continuum.
Rice, H.L. en J.C. Huffstutler. 2001. *Reformed Worship.* Louisville, KY: Geneva Press.
Riggs, J.W. 2002. *Baptism in the Reformed Tradition. An Historical and Practical Theology.* Columbia Series in Reformed Theology. Louisville, KY/ Londen: Westminster John Knox Press.
Senn, F.C. 1998. “A Catechism on the Catechumenate”. *Lutheran Forum*. 32/3, 1 – 5. (ook by http://www.worship.ca/docs/f_32_fs.html besoek op 02/08/05).
Turner, V.W. 1965. “Betwixt and Between: The Liminal Period in *Rites de Passage*”. In: Lessa, W.A. en E.Z. Vogt. *Reader in Comparative Religon. An Anthropological Approach.* New York: Harper & Row, Publihers.
Turner, V.W. 1967. *The Forest of Symbols. Aspects of Ndembu Ritual*. Ithaca, New York: Cornell University Press.
Turner, V.W. 1969. *The Ritual Process. Structure and Anti-Structure.* Londen: Routledge & Kegan Paul.
Turner, V.W. 1972. “Passages, Margins and Poverty: Religious Symbols of Communitas”. *Worship.* 46/7, 390 – 412.
Uniting Church in Australia National Assembly. 2003. “Becoming Disciples. A discussion paper to help the Uniting Church in Australia prepare for the tenth assembly in July 2003 containing seven proposals to help congregations in the misitry of evangelism and forming disciples”.
Van Gennep, A. 1996. “Territorial Passage and the Classification of Rites”. In: Grimes, R.L. (red.). *Readings in Ritual Studies.* Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall, 529-536.
Webber, R.E. 2001. *Journey to Jesus. The Worship, Evangelism, and Nuture Mission of the Church.* Nashville: Abingdon Press.
Wepener, C.J. en B.A. Müller. 2001. “‘Liturgiese kitsch?’ - liturgiewetenskaplike verkenning van ’n Gereformeerde ritueel”. *NGTT* 42/ 3 & 4, 480 - 493.
World Council of Churches. 1982. *Baptism, Eucharist and Ministry.* Faith and Order Paper no. 111. Genève. (ook by http://www.wcc-coe.org/wcc/what/faith/bem3.html besoek op 09/09/05)

http://www.pcusa.org/theologyand worship/whatwedo/catechumenate.htm besoek op 30/11/2004
http://www.udayton.edu~campmin/rcia/becoming-a-catholic.htm besoek op 02/08/05.
http://www.elca.org/dcm/worship/publications/worship/pdf/1997/worship_november_1997.pdf besoek op 04/08/05
http://www.rca.org/disciples/catechumenate/origins.html besoek op 02/08/05
http://members.aol.com/tombecket/ts_rcia.htm besoek op 02/08/05
http://catholicgirl.faithweb.com/rcia_m.htm besoek op 02/08/05

**TREFWOORDE**
Kategumenaat
Ekumene
Liturgie

**KEY WORDS**
Catechumenate
Ecumenism
Liturgy

**KONTAKBESONDERHEDE**

Dr C Wepener
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak X 1
7602 MATIELAND
Tel.:(021) 808 3624
E-pos:cwepener@sun.ac.za

Dr CW Burger
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak X 1
7602 MATIELAND
Tel.:(021) 808 3624
E-pos:cwbu@sun.ac.za